Klubreëls en Regulasies

1. Geen persone sonder 'n geldige bestuurslisensie mag tydens klubfunksies 'n voertuig bestuur nie.

2. Luister na die komiteelid in beheer en let op as 'n beampte jou oor 'n moeilike hindernis lei.

3. 'n Lid is self verantwoordelik vir sy gaste en nie die komiteelede nie.

4. Geen alkohol toegelaat voor of tydens die roete nie - Bestuurder en passasiers.

5. Tweerigting radio's moet gelisensieërd wees.

6. Hou by tweerigting radio spraak prosedures en moet nooit vuiltaal gebruik nie, onthou ons deel die frekwensie met ander.

7. Hou by heersende padreëls en respekteer ander padgebruikers.

8. Bly op bestaande paaie en moenie nuwe paaie maak in die natuur nie.

9. Moet nie vuilgoed in die veld weggooi nie, neem dit saam om later in die regte plek te stort.

10. Gedurende 'n klubfunksie mag geen persoon, klein of groot:
    - op 'n dakrak ry nie,
    - op die sytrappies ry nie,
    - op die voertuig se agterflap sit nie,
    - op die bakrante sit nie, maar moet binne in die bak sit,
    - voor op die bosbreker ry nie.

11. Slegs 4x4 voertuie word op klubbyeenkomste/roetes toegelaat, geen motorfietse, drie- of vierwiel motorfietse of knortjorre word toegelaat nie.

12. "Recovery"/Herwinningspunte voor en agter op voertuig is noodsaaklik en elke voertuig moet in besit wees van sy eie herwinningstoerusting.

13. Elke voertuig moet 'n brandblusser hê.

14. Alle deelnemers neem deel op eie risiko en moet 'n vrywaringsvorm, by elke klubbyeenkomste/uitstappie, teken.